



Vak: Graad 8 Natuurwetenskappe

Onderwerp: Natuurwetenskappe: Kwartaal 2 - Eksamen 1

Totaal: 107 Punte

Naam: _____

Datum: _____

Vraag 1: Voltooi Die Ontbrekende

6 punte

'n Eksperiment word gedoen om te bepaal of 'n groen blaar stysel bevat. Rangskik die volgende in die korrekte volgorde.

Stap 1 : (1) .

Stap 2 : (2) .

Stap 3 : (3) .

Opsies Is: Die blaar word in 'n houer gesit wat kook water bevat. | 'n Paar druppels jodium word op die blaar gesit. | Die blaar word in 'n beker met brandspiritus of etanol geplaas.

1	
3	

2	
---	--

Vraag 2: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Wanneer 'n materiaal verhit word, beweeg die partikels vinniger en verder weg van mekaar af. Wat het die partikels in die materiaal bygekry, toe die materiaal verhit is?

Antwoord met net een woord.

--

Vraag 3: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Respirasie vind plaas in die ... van 'n sel.

--



Vraag 4: Veelvuldige Keuse


4 punte

'n Gas wat in 'n vloeistof verander, word 'n verandering van ... genoem.

- | | |
|----------|-----------|
| A | vorm |
| B | gedagte |
| C | struktuur |
| D | fase |

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 5

'N ATOOM

**Vraag 5: Skryf Jou Antwoord**

3 punte

Voltooi die volgende sin met EEN woord:

Niels Bohr het ontdek dat elektrone in 'n ... om die kern van 'n atoom beweeg.

--



Vraag 6: Voltooi Die Ontbrekende

6 punte

Tydens 'n eksperiment, sal die (1) veranderlike verander, terwyl die (2) veranderlike dieselfde sal bly. Die (3) veranderlike is die veranderlike wat gemeet word.

Opsies Is: afhanklike | beheerde | onafhanklike

1	
3	

2	
----------	--

Vraag 7: Voltooi Die Ontbrekende

6 punte

Wanneer 'n vloeistof verhit word, verkry die deeltjies (1) energie. Die deeltjies sal (2) beweeg en sal die vloeistof liggaam (3) .

Opsies Is: ontsnap | insluit | minder | meer | vinniger | stadiger

1	
3	

2	
----------	--



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 8



Vraag 8: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Uitsetting en inkrimping is essensieel in die bou van spoorweglyne.
Bestudeer die prentjie en beantwoord die vraag.

Die spasie tussen die spoorweglyne (omkring) laat die metaal toe om uit te sit en in te krimp.
Wat kan veroorsaak dat die spoorweglyne **uitsit**?

Antwoord met een woord.

Vraag 9: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Voltooi die volgende sin met EEN woord:

Die fase van materie waartydens deeltjies die meeste kinetiese energie het is wanner dit 'n ... is.

Vraag 10: Waar/Onwaar

2 punte

Ons kan 'n pomp gebruik om meer gas in 'n houer te voeg.

WAAR**ONWAAR****Vraag 11: Waar/Onwaar**

2 punte

'n Element bestaan uit verskillende soorte atome.

WAAR**ONWAAR****Vraag 12: Veelvuldige Keuse**

4 punte

Watter van die volgende is voorbeelde van herbivore?

A: paddas en akkedisse

B: walvisse en paddas

C: koeie en slange

A

Slegs B

B

A en B

C

Slegs C

D

Geen van die bogenoemde nie

Vraag 13: Veelvuldige Keuse

4 punte

Watter van die volgende is waar met betrekking tot elemente?

A. alle elemente is saamgestel uit atome.

B. die metaal elemente kan afgebreek word in eenvoudiger stowwe.

C. geen twee elemente het dieselfde atome.

A

slegs A en B

B

slegs B

C

slegs A en C

D

slegs A



Vraag 14: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Wanneer gasdeeltjies teen die kante van 'n houer bots skep dit 'n krag bekend as

Gebruik slegs **een woord** om die vraag te beantwoord.

--

Vraag 15: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

'n (1) is 'n goeie voorbeeld van 'n weidier, want dit voed hoofsaaklik aan (2) .

Opsies Is: kameelperd | die blare van struik | gras | buffel

1		2	
----------	--	----------	--

Vraag 16: Skryf Jou Antwoord

3 punte

'n Sekere ekosisteem bestaan uit 4 verskillende bevolkings. Hierdie bevolkings vorm 'n

--

Vraag 17: Veelvuldige Keuse

4 punte

'n Staal sfeer het 'n volume van 4000 cm^3 en weeg 5 kg.

Wat is die digtheid van die sfeer?

- | | |
|----------|------------------------|
| A | 1. 25 g/cm^3 |
| B | 0. 8 g/cm^3 |
| C | 125 g/cm^3 |
| D | 8 g/cm^3 |



Vraag 18: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Die studie van die interaksies en verhoudings tussen organismes en hul omgewing, word ... genoem.

--

Vraag 19: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Die kleinste deel van 'n atoom is die (1) , en dit is (2) gelaai.

Opsies Is: proton | elektron | neutron | neutraal | negatief | positief

1		2	
----------	--	----------	--

Vraag 20: Voltooi Die Ontbrekende

8 punte

Die volgende voorwerpe het almal dieselfde volume.

Rangskik hulle vanaf 'n hoë digtheid na 'n lae digtheid:

1. (1) .
2. (2) .
3. (3) .
4. (4) .

Opsies Is: hout | spons | plastiek | metaal

1		2	
3		4	

Vraag 21: Waar/Onwaar

2 punte

Hoe groter die massa van die materiaal in 'n sekere volume is, hoe minder dig is die materiaal.

WAAR	ONWAAR
-------------	---------------



Vraag 22: Waar/Onwaar

2 punte

Alle voëls is primêre verbruikers.

WAAR**ONWAAR****Vraag 23: Veelvuldige Keuse**

4 punte

Dit is korrek om te sê dat 'n vaste stof ...

- | | |
|----------|--|
| A | nie spasies tussen die deeltjies het nie |
| B | se deeltjies in 'n vaste posisie bly. |
| C | swakker aantrekkingskragte tussen deeltjies het as die van 'n vloeistof. |
| D | se deeltjies gepak is in 'n reëlmatige patroon. |

Vraag 24: Waar/Onwaar

2 punte

'n Ekosisteem bevat slegs lewende organismes.

WAAR**ONWAAR****Vraag 25: Voltooi Die Ontbrekende**

4 punte

Organismes wat (1) spesies behoort wat in 'n sekere (2) woon staan bekend as 'n populasie.

Opsies is: aan verskillende | aan dieselfde | land | habitat

1**2****Vraag 26: Skryf Jou Antwoord**

3 punte

Voltooi die volgende sin met EEN woord.

Wanneer verskillende bevolkings saam in 'n ekosisteem is, word dit 'n ... genoem.

--



Vraag 27: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Die proses waardeur 'n elektriese stroom gebruik word om 'n verbinding te ontbind word ... genoem.

Vraag 28: Waar/Onwaar

2 punte

'n Omnivoor voed aan beide plante en diere.

WAAR**ONWAAR****Vraag 29: Veelvuldige Keuse**

4 punte

Watter van die volgende bied ondersteuning aan 'n plant?

- | | |
|----------|-----------|
| A | glukose |
| B | Sellulose |
| C | chlorofil |
| D | suiker |

Vraag 30: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Die spontane beweging van deeltjies vanaf 'n area met 'n lae digtheid na 'n area met 'n hoë digtheid staan bekend as

Totaal: 107 Punte